**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderworp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 1 2 4 | 81 10 22 2 9 5 | 3 2 9 | 2 3 2 3 9 |

81 10. 22.

HOOFSTAD Jg. 14 Nr. P. 1 Dat.

TREFWOORDE
1 Kleyn, Theo
2 Oos-Transvaal
3 Evander
4 Secunda
5 Stedelike Terrorisme
6 Bomontploffings
7 Polisie
8 Ondersoeke
9
10

*Polisie fynkam terreine*

# Plofslae ruk twee dorpe

**Theo Kleyn (Polisieverslaggewer)**

**TWEE geweldige ontploffings het gisteraand naby twee dorpe in Oos-Transvaal voorgekom.**

Die eerste was by Evander toe die transformator by die dorp se hoofsubstasie beskadig is. Die dorp was sowat twee uur in donkerte gehul.

Die tweede ontploffing was by Secunda toe 'n toevoerpyp wat nywerheidswater na Sasol III vervoer, beskadig is. Die geweld van die ontploffing het 'n gat uit die pyp geruk.

Die polisie en plofstofkundiges was vanoggend nog op die toneel om ondersoek in te stel. Daar kon nog nie met sekerheid gesê word of die skade met plofstof aangerig is nie.

Plofstofdeskundiges het deur die nag gewerk om tekens van plofstof te vind, maar tot dusver is daar nog nie sekerheid oor die oorsaak van die ontploffings nie en daar is geen plofstof by die onderskeie tonele gevind nie.

'n Polisiewoordvoerder van die Direktoraat Openbare Betrekkinge van die Polisie in Pretoria het vanoggend gesê dat die moontlikheid van sabotasie beslis nie uitgesluit word nie.

Niemand is tot dusver in hegtenis geneem in verband met die ontploffings nie.

### Verwoes

Een van die vyf transformators by die substasie in Evander is verwoes. Die stadsklerk van Evander, mnr. John van Onsleen het vanoggend die skade op R16 000 geraam.

Die geweld van die ontploffing kon kort voor 21h00 deur Evander en omgewing gevoel word.

'n Gat is in die veiligheidsomheining van die substasie geskny en ofskoon polisiemanne met honde kort daarna op die toneel was, is die ondersoek nog nie voltooi nie.

Die waterpyp wat by Secunda, buite die omheining van Sasol III, deur 'n ontploffing beskadig is, is gering. Niemand is in een van die twee ontploffings beseer nie.

'n Intensiewe ondersoek deur die polisie duur voort.

### Terroriste

● In Julie vanjaar het terroriste toegeslaan by drie kragsentrales in

**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**

**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 1 2 4 | 81 10 22 2 2 9 5 | 3 2 9 | 2 3 2 3 b |

8110.22.

HOOFSTAD Jg. 14 Nr. P. 1 Dat.

Transvaal en redelike skade met kleefmyne aangerig. Altesame ses ontploffings het by die kragsentrales by Njala naby die Rietvleidam, Arnott naby Middelburg en Camden naby Ermelo voorgekom.

Die aanslag by Camden was toe die ergste toe ANC-terroriste kleefmyne by die sentrales gestel het.

Kort na die ontploffings het die polisie beslag gelê op van die kleefmyne wat nie ontplof het nie. Niemand was in die ontploffings beseer nie en die polisie het ook nog niemand in verband met die voorvalle aangekeer nie.

Dieselfde soort kleefmyne is ook verlede jaar gebruik om sabotasie te pleeg by Sasol-aanlegte.

Tot dusver is dit nie duidelik of die voorvalle gisteraand by Evander en Secunda die werk van terroriste is nie. Die polisie is besig met die ondersoek en meer duidelikheid word later vandag verwag.

TREFWOORDE

1 ................

2 ................

3 ................

4 ................

5 ................

6 ................

7 ................

8 ................

9 ................

10 ................